PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVII VRYDAG, 4 AUGUSTUS 1972 Nr. 9

CA[illegible]T APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

# TWEE PUKKE OP A.S.B.-HOOFBESTUUR

**MNR. LEON WESSELS, studenteraadsvoorsitter van die Puk vir die termyn 1970/71 is op die vier-en twintigste Bondskongres van die A.S.B., wat gedurende die afgelope vakansie in Bloemfontein gehou is, eenparig tot President van die A.S.B. herkies.**

Hierdie prestasie plaas die kroon op mnr. Wessels se onvermoeide ywer gedurende die afgelope termyn — 'n termyn wat gekenmerk is deur lang en deeglike besinning wat uitgeloop het op 'n verandering en vernuwing van die A.S.B. Tot onder-president is mnr. Jasper Steyn van U.P. verkies. Die poste van twee addisionele lede word gevul deur mnr. Leo van Schaik van Puk en mnr. Piet Strauss van Ukovs.

### GRONDWET

'n Nuwe grondwet is deur die kongres vir die A.S.B. goedgekeur. Om die doelstellings kragdadiger uit te leef, is die ou uitvoerende komitee van die A.S.B. afgeskaf en is 'n nuwe hoofbestuur ingestel wat bestaan uit 'n President, 'n onder-president en twee addisionele lede, sowel as S.R.-voorsitters van al die geaffiliieerde sentra.

Die grondslag en doelstellings van die A.S.B. word as volg uiteengesit. Art. 3: "Die Bond berus op die Bybel as die onfeilbare Woord van God wat die bron is van die Christelik-Nasionale grondslag van die Afrikanervolk".



**Mnr. Leo van Schaik.**
*Fotokuns.*

Art. 5: "Die Bond stel hom ten doel die bevordering van die Afrikaanskultuur op studentevlak by wyse van:

● Die handhawing en uitbouing van die Christelik-Nasionale lewens-en-wêreldbeskouing.

● Die behartiging van die gemeenskaplike belange van die Afrikaanse studente deur die geaffiliieerde lede.

● Die samesnoering van die lede en ko-ordinering en ontwikkeling van hulle denkpatrone.


● Die bestudering van landsen lewensvraagstukke op akademiese wyse.

● Die meehelp tot die realisering van afsonderlike volksbestaan en die bestendiging van volkereverhoudinge in Suidelik-Afrika.

Die enigste sake wat nie afgehandel is nie, is die bepaling van die grootte van afvaardigings en stemreg. Daar is besluit om vir die volgende kongres op die huidige basis voort te gaan en dat 'n formule intussen uitgewerk sal word.

### MOSIES.

Ten opsigte van studente-onluste, spreek die kongres hom in 'n mosie uit teen die gees van revolusie oorsee wat in die onlangse studente-onluste ook in



**Mnr. Leon Wessels.**
*Fotokuns.*

Suid-Afrika sy kop uitgesteek het. Dit is ten diepste gemik teen die bestaande orde en moet ten sterkste afgekeur word. Aangesien dit die plig en verantwoordelikheid van die staat is om wet en orde op alle terreine te handhaaf, betuig die korps sy dank en waardering vir die ferme optrede van die regering in die verband.

In 'n verdere mosie het die kongres sy volle steun aan die regering toegesê vir sy hantering van die beleid van veelvolkige ontwikkeling. Daar is ook in 'n mosie deur die kongres gestel dat die kongres hom sterk uitspreek teen die sogenaamde "vredesteken" of "heksepoot" en 'n beroep is op die jeug van Suid-Afrika gedoen om die gewraakte teken te beveg en uit hulle midde te weer.



(*Fotokuns*).

# NUWE BAADJIE IS HIER

**DIE NUWE Universiteitsbaadjie van die Pukke, wat baie belangstelling onder die studente uitgelok het, is nou na ongeveer twee jaar se beplanning gereed.**

Die eerste baadjie word op Maandagaand, 7 Augustus, amptelik in die Totiussaal oorhandig. 'n Spesiale Alma Mater-aand word deur die Studenteraad gereël ter viering van die oorhandiging. Dr. S. J. Pretorius, die digter van ons Alma Mater, sal by die geleentheid as gasspreker optree. Hy is tans senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hulde word ook by die geleentheid aan wyle prof. M. C. Roode, die komponis van die musiek van die Alma Mater, gebring.

### GRATIS BAADJIE.

By die deure sal nommers aan al die Pukke verskaf word wat die verrigtinge bywoon. Die persoon wat 'n gelukkige nommer kry, wen 'n nuwe baadjie.

Die aand se verrigtinge sal afgesluit word met 'n filmvertoning in die Totiussaal.

### SPESIALE TARIEF

Die nuwe baadjie is vanaf die elfde tot die agtiende Augustus teen 'n spesiale tarief by die kleinhandelaars beskikbaar. Gedurende hierdie tydperk is die baadjie beskikbaar teen R21,95. Die gewone prys vir sowel die mans- as damesbaadjies is R25,95 Kleurstrokies word tussen 1.30 en 2.30 by die S.R.-kantoor uitgereik.

"Daar heers bo-verwagte goeie belangstelling vir die nuwe baadjie en daar is alreeds 'n groot aantal kleurstrokies verkoop", sê mnr. Jacques Verster, die konvenor van die kleure-komitee.

# Neem waar as rektor

Tydens die afwesigheid van prof. H. J. J. Bingle neem prof. H. C. van Rooy, die Universiteitsbibliotekaris, waar as rektor.

Prof. van Rooy was op 1 April vanjaar 41 jaar aan die Puk verbonde. Nadat hy hom in 1933 as onderwyser bekwaam het op die Puk, hou hy op verskillende plekke in die land skool. Op 1 April 1941 word hy as organiseerder by die universiteit aangestel. Hy is eers in 1947 as bibliotekaris aangestel.

Die aanstelling as bibliotekaris het vereis dat hy na Amerika moes gaan vir verdere studie. Hy en sy vrou behaal die B.Ls. graad aan die Universiteit van Columbia in New York. Hy en sy vrou gee ook altwee klas in die Departement Biblioteekkunde.

Prof. van Rooy vertel dat hy slegs 'n skrale sewe maande biblioteekbibliotekaris was toe die biblioteek afgebrand het. Hulle moes van voor af begin. Die nuwe biblioteek-gebou is in 1952 betrek. Dit het egter alweer 'n heeltemal te klein geword en uitbreidings word tans gemaak.



**Prof. H. C. van Rooy.**
*Fotokuns.*

Op 'n vraag of hy nie dink die universiteit raak te groot nie, het prof. van Rooy geantwoord dat ons Christelike onderwys aanbied. Daarom kan ons nie sê dat ons net 'n sekere studentetal sal toelaat nie. Dan ontneem ons ander die voorreg om Christelike onderwys te ontvang.

Ons waarnemende rektor sê hy is trots op ons studente. Vandat hy hier op universiteit was, en hier nog altyd jongmense gewees waarop hy trots is.

Prof. Bingle en sy vrou bring hulle vakansie op hulle plaas naby Lydenburg deur.

**Ondersteun ons Adverteerders**


BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK



(*Fotokuns*).

**PROTEAKLEURE VERWERF.**

Baie geluk aan Liez van Wyk de Vries en Hester Venter wat tydens die S.A.U.-toernooie Proteakleure in pluimbal en landloop onderskeidelik verwerf het. Liez het ook die Wes-Transvaal-Plaat vir pluimbal verwerf. Dit is nog nie lank dat Hester Venter aan landloop deelneem nie en ons beskou haar prestasie, wat sy gedurende die vakansie behaal het as 'n groot verrassing. Sy het baie moontlikhede waarvan ons beslis in die toekoms sal hoor en sien op die gebied van atletiek.

# JY MEISIE

Ai, ons het almal lekker vakansie gehou — maar nou is dit weer terugkeer na die akademie.

Vir almal wat op die Puk vassleep is dit 'n aangename gedagte . . . maar, o wee vir diegene wat 'n vakansie-romanse geniet het! Aaklig om' terug te keer na die werklikheid toe, nê! Of hoe sê, Pukke? Kan daar dalk iets daarvan kom? Wie weet? Gelukkig is die einde van die jaar nie ver weg vir die wat optimisties daaroor voel.

* * * * *

En dan is daar natuurlik nog die deurmekaarspul van die afgelope toere waar harte omgeruil, omgekrap en teruggegee is. Sulke probleme wat die hartsake betref, sal alleenlik met die tyd opgelos word, het dr. Chris Barnard *Die Wapad* laat weet.

Maar 'n vakansieromanse is tog heerlik en vriendelikheid kos jou niks. Dit is nie te sê dat jy met elke Jan Rap en sy maat 'n liefdesverhouding moet aangaan nie. Mens kies en keur tog jou vriende, dan eers kom die groot verliefdheid.

Die asters wat nou al gevestig is in hulle liefde, kan so 'n verhouding net so sprankelend as 'n vakansieromanse laat voel. So baie kla die asters dat hulle verveeld en gefrustreerd is, maar wie se skuld is dit as hulle na 'n lang ruk van vassleep nog nie kan aanpas nie of as hulle liefde saai word?

* * * * *

Kom dames, laat ons jonkwees, student wees, mooi wees, verlief wees, maar altyd soet wees.






# Aster vir "Uitsoek"

Liewe Aster,

In antwoord op die versoek "Soek Senior Dame" wat in *Die Wapad* van 20 Junie 1972 verskyn het, kan ek sê dat hier wel 'n aster is wat belangstel in die ontmoeting.

Ek studeer H.N.O.D. en het ook voorheen gewerk maar gaan deur as 'n senior dame.

Ek is 20 jaar oud en is baie lief vir die buitelewe, swem, tafeltennis en nog meer.

Indien jy belangstel om my te ontmoet sal ek my regte naam verskaf. Voorlopig verkeer ek onder 'n skuilnaam.

Groetnis aan "Uitsoek"

TRICIA WESSELS.

# Kapteine beseer

Die hokkiekapteine van die Puk se eerstespan, Susan Els, is beseer en kon nie die S.A.U.-toernooi tydens die vakansie meemaak nie. Susan het tydens haar I.O.-praktiese eksamen geval en ligamente in haar regterknie geskeur. Die kraakbeen moes ook verwyder word.

Christine Naude sal tot aan die einde van die Hokkieseisoen as kapteine waarneem.

# Puk na V.S.A.



(*Fotokuns*).

Jacky Heunis, 'n eerstejaar Farmasie-student van Klawerhof, het op 19 Julie na Amerika vertrek.

Sy is gekies deur die "American Field Service" om vir 'n jaar 'n skool by te woon in Durham, North Carolina.

# ASTER
## DEUR JESSICA



## NUUS-ASTER

**Ons nuus-aster van die week is Juanita le Roux (regs) wat R1 101,60 as Karnaval-debutante ingesamel het en daarmee vir haar die eerste prys, wat 'n toer saam met die A.S.B. na Europa behels, losgeslaan het. Die bekendstelling is gemaak tydens 'n geselligheid in die Oribi. Daar was altesaam sewentien debutante wat die totale bedrag van R2 640 ingesamel het. Gesina de Wet (links) was tweede en is dus die wenner van die binnelandse reis.** *Fotokuns.*

# Nuwe Springbok

**Baie geluk aan Eliza dos Santos, wat die afgelope vakansie Springbokkleure in gimnastiek verwerf het. Eliza is beslis 'n aanwins vir die Puk.**

# *BAIE DANKIE*

Mnr. Nico Ligthelm spreek vir die laaste keer sy dank as Karnaval-voorsitter uit aan die dames wat gekwalifiseer het as Karnavaldebutante. Dit is vanjaar die eerste keer dat debutante aangewys is, maar hulle het hulle goed gekwyt van hulle taak. Baie dankie vir julle harde werk dames.





Die S.R.-voorsitters wat die konferensie op Stellenbosch bygewoon het: Agter is Gert Meyer (U.P.), Geoffrey Budlender (U.C.T.) Stan Newmann (Natal, Durban), Tim Dunne (Natal, Pietermaritzburg), Mike Britten Kelley (U.P.E.), Mike King (Rhodes). Voor: Graham Greigh (Wits), Gerrit Erasmus (U.O.V.S.), Prof. de Villiers (Rektor U.S.), Buks Hertzog (U.S.), Kobus van der Walt (P.U. vir C.H.O.), Lieb Loots (R.A.U.).

# S. R. KONFERENSIE SLAAG NIE

**GEDURENDE die afgelope vakansie het 'n afvaardiging van die Studenteraad 'n Studenteraadskonferensie op Stellenbosch bygewoon. Hierdie konferensie het op 17 en 18 Julie plaasgevind en is bygewoon deur mnre. Leo van Schaik, Fika van Rensburg en Kobus van der Walt.**

Die afgelope Studenteraadskonferensie was 'n opvolging van die konferensie wat verlede jaar by die Universiteit van die Witwatersrand gehou is. By daardie geleenthied was nie een A.S.B.-geaffiilieerde Studenteraad verteenwoordig nie.

### TEENWOORDIG.

Al die Studenterade van die blanke Universiteite in Suid-Afrika was vanjaar verteenwoordig by die konferensie. Dit was die eerste geleentheid sedert 1968 wat al die blanke Studenterade bymekaar was. Gedurende daardie jaar het die verskillende Studenteraadsvoorsitters hulle Studenterade verteenwoordig by 'n soortgelyke konferensie wat deur die Universiteit van Natal aangebied is. Uitnodigings is vanjaar ook aan die verskillende nie-blanke Universiteite gerig, maar geen reaksie is van hulle kant ontvang nie. Dit is weereens 'n bewys hoe sterk S.A.S.O. se beleid van geen kontak met blankes, al deurgewerk het op die kampusse van die nie-blanke Universiteite.

### AKTUEEL

Due agenda van die afgelope S.R.-konferensie het aktuele sake bevat soos Studenteraadsfunksionering, gesag, kanale van skakeling en inter-universitêre skakeling. Later is na telefoniese onderhandelings ook 'n vyfde agendapunt bygevoeg, nl. die ro! van die student in die toekoms van Suid-Afrika.

Die konferensie het vroeg-vroeg reeds gedreig om uitmekaar te spat vanweë verskil in benadering tussen die Afrikaanse- en Engelssprekende Universiteite wat betref die afgebakende terreine van Studenterade. 'n Voorstel dat agendapunte soos die rol van Rektore in politiek, vrye onderwys vir alle kinders in Suid-Afrika en Universiteitsotonomie, tot die agendapunte bygevoeg word, is na lange bespreking deur die afvaardiging van die Puk geveto. Dit het groot verwarring onder die Engelssprekende Studenterade veroorsaak, maar nadat al die S.R.-voorsitters bymekaar gekom het, is daar tot 'n vergelyk gekom.

### VERSKILLE.

In 'n onderhoud met *Die Wapad*, het die afvaardiging van die Puk gesê dat hulle baie lof het vir die organisatoriese reëlings wat Stellenbosch getref het vir die konferensie. As Studenteraadskonferensie was dit egter 'n mislukking aangesien daar so min tyd bestee is aan gemeenskaplike sake rakende die verskillende studenteraadsterreine. Die enigste nut van die konferensie was volgens die lede van die afvaardiging die kennis wat bekom is oor en die ontbloting van die basiese verskille tussen die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende Studenterade. Die eenheidsfront wat die A.S.B. geaffilieërde Studenterade geopenbaar het was veral merkbaar en verblydend spesifiek nou na die hervorminge in die Afrikaanse Studentebond.

# Deur my lens

## *Reflektor*

Stel u vir 'n oomblik in die posisie van 'n ruimteman wat op die maan staan en na die aarde kyk. Die aarde behoort vir hom baie klein te wees: nie veel groter as 'n ronde skyf so groot soos 'n pampoen nie. En daardie aarde bestaan uit 'n ontsagtelike stuk water, met 'n paar kontinente, opgedeel in letterlik duisende landjies: party klein en onbeduidend, en ander groot en onbeduidend, en die Republiek van Suid-Afrika.

Hierdie republiekie sal so klein wees dat hy dit nooit sal kan onderskei van al die ander honderde lande waar die mense mekaar soos miere vertrap nie. Tog is ook hierdie land, onvermydelik, verdeel in provinsies. En elke provinsie is verdeel in streke, en in elke streek is daar dorpe. Oor die hele aarde versprei moet daar miljoen dorpe wees.

En een van daardie miljoen dorpe op hierdie wêreld is Potchefstroom, en in Potchefstroom is daar 'n universiteit, een van duisende universiteite op hierdie aarde. En in hierdie universiteit is daar nagenoeg 4 000 studente. Van hierdie 4 000 studente het, sê maar 2 000 studente die demokratiese reg om 'n stem uit te bring om hul leiers te verkies. Van hierdie 2 000 stemme bring hoogstens 1 000 en waarskynlik skaars die helfte daarvan hul stemme uit. Van die 500 wat wel hul stemme uitbring, wonder ek of daar 250 is wat dit objektief doen, of, alternatiewelik, wat weet wat hulle doen. Hulle kies dan drie-en-twintig manne om die leisels te hou. (Jammer dis nie drie-en-twintig dames nie, want drie-en-twintig stroewe en verantwoordelike dames sal verkieslik wees bo drie-entwintig stroewe en verantwoordelike manne).

As een van die drie-en-twintig manne sou sê dat die aarde plat is of dat die Afrikaner dit of dat nie meer sal duld nie, namens wie praat hy dan? Regtens praat hy namens 4 000 studente maar in casu kom dit tog maar daarop neer dat hy namens homself praat.

Nou is dit so dat die tyd weer vinnig nader waarin ons 'n klompie nuwe geeste moet kies. Kom ons begin nou mooi en ons kies daardie persone wat sal sê en doen wat ons self wou sê en doen. En ons sorg dat die troppie wat ons verkies waardig sal wees, en in staat sal wees om dit te doen wat ons wil hê hulle moet doen. En kom ons sorg terselfdertyd dat ons nie skaam hoef te wees vir die uiterlike beeld wat hulle gaan skep nie. Daarom moet ons sorg dat tussen vyf en twee en twintig van die nuwe troppie uit dames bestaan — dink net hoe sal die leeu in so 'n hok perform! (sic!)

Miskien kan 'n troppie dames die Puk uit sy stroewe slentergang ruk en die veelbesproke nuwe lewe daarin blaas.

# KORPS ONDERNEEM HULPPROJEK

TWAALF lede van Korps Veritas Vincet was vir die eerste week van die afgelope vakansie behulpsaam op 'n N.G.-sendingpos, Matlala, net buite Marble Hall.

Ons het ons bestemming, Goedvertouewen-sendingstasie ongeveer 9 nm. bereik die dag toe die P.U. gesluit het.

Ons daaglikse werk het die volgende behels: die bywoning van die oggenddiens in die kerk (ons verneem die kerk is deur ds. Conradie self gebou), waarna dieselfde boodskap deur ons in die verskillende sale van die Matlala-hospitaal oorgedra is. Die oggend is verder in beslag geneem deur indiwiduele geloofsgesprekke met die pasiënte in die Bantoe-hospitaal en die verspreiding van Christelike lektuur. So tussen die voorbereiding van studietemas en etes deur is ons middae in beslag geneem deur Bantoe-bejaardes van die Boputswa ouetehuis te besoek.

Saans het ons onderwerpe rondom die geloofslewe van die Bantoe ingelei deur kort lesings, gevolg deur groepsbesprekings met die Bantoe-hospitaalpersoneel, wat almal Christene is. Onderwerpe soos die volgende is behandel: mediese sending, die Bantoe se tradiosioneke opvatting van siekte, dood, towery, genesing, die sendingroeping van die Christen, die Christen se verhouding teenoor sy arbeid, sy werkgewer, sy werknemer, sy medewerker, ens.

Dis verblydend om te sien hoe hierdie verpleegsters erns maak met die uitlewing van hulle geloof in die praktyk van verpleging. Dis nie snaaks om 'n verpleegster en 'n pasiënt geboë oor 'n geopende Bybel in 'n diep gesprek te sien nie.

Ons het die Sondag ook 'n erediens en nagmaalsviering bygewoon. Verder het ons Arabië, 'n skool vir Bantoekapteinseuns en 'n landboukollege vir Bantoes besoek. Hier het ons mooi insig gekry in die praktiese vordering van die ekonomiese ontwikkeling van die tuisland onder die Lebowa-stamowerheid.



Die P.U. se afvaardiging na die S.R.-Konferensie was: Mnre. Leo van Schaik, Fika van Rensburg en Kobus van der Walt. *Fotokuns.*

### NOU TOE NOU!

**'N MAN sal van jou hou oor wat hy dink jy is; 'n vrou weer hou van jou oor wat jy dink sy is. — A.B.C.**

**● Nadat Koos van der Merwe van sy oorlogsondervindinge vertel het, vra iemand: „Waarvoor was die ander soldate dan opgeroep?"**

**● Die geskiedkundiges het eindelik vasgestel w a a r o m Robin Hood altyd net die rykes beroof het: die armes had nie geld nie.**

**● Die maklikste manier om op die been te kom, is om jou**

Die Wapad word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville, Tvl. Posbus 406, Tel. 6184.



die WAPAD

# WELKOM TERUG

DIT IS vir my 'n voorreg om u almal namens die Studenteraad terug te verwelkom na die wintervakansie. Ek vertrou dat die vakansie verkwikkend was en dat die boeke wat u saamgeneem het net so onuitgepak teruggekom het.

Die semester wat voorlê is in meer as een opsig 'n belangrike semester. Daar is nie alleen die langverwagte Intervarsity wat voorlê nie, maar ook die voorreg om as student die lente te sien deurbreek in die akkerlaning van Tomstraat. Maar die grootste voorreg, ja dit is 'n voorreg, is om die pylvak te betree van akademiese kennis verryking. Dit is die wens van die Studenteraad dat u hierdie semester gaan geniet en dat u na hierdie jaar kan terugkyk op welslae eerstens op die akademiese vlak, maar ook op die nie-akademiese vlak van studentwees. — Kobus van der Walt.

# BEDRYWIGE VAKANSIE

Twee Pukke, onder wie die president van die ASB, mnr. Leon Wessels, het 'n groot bydrae gelewer tot die vernuwing van die ASB, wat die afgelope paar jaar aansien verloor het, veral vanweë gebrek aan doelgerigtheid. Saam met bevriende universiteite het die Pukke die afgelope vakansie 'n stap in die nuwe rigting gegee wat die ASB weer op die kaart plaas.

Die voorsitter van die S.R., mnr, Kobus van der Walt, was twee keer sterk in die nuus. In die besprekinge van die gemeenskaplike S.R.-konferensie het hy en 'n paar kollegas van die noordelike universiteite gesorg dat die S.R.-konferensie nie in 'n anti-alles-betoging ontaard nie. Dit het weer duidelik geword: die Pukke glo aan hervorming, ontwikkeling, nie aan betogings en revolusie nie. Daarvan getuig ook die skenking van R1 000 wat mnr. Van der Walt namens die Pukke aan hoofman Lukas Mangope as bydrae vir 'n Tswane-universiteit oorgedra het.

Aan die kultuurfront was die Pukke bedrywig. Nie minder nie as drie toergroepe was op een tydstip aan die reis. Alabama het soos gebruiklik saal na saal laat vol loop, terwyl Thalia met ‚Sagmoedige Neelsie" veel daartoe bygedra het om landwyd belangstelling te wek vir die Langenhoven-jaar in 1973. Die Universiteitskoor het op sy eerste lang reis groot indruk gemaak — en baie nuwe vriende vir die P.U. gewerf.

Ook op sportgebied het die Pukke nie slap laat lê nie. Seker die strafste toer wat die rugbyspan nog onderneem het, die na Wes-Kaapland, was heeltemal geslaag. En intussen het Pukke nog in die loop van die vakansie 'n noemenswaardige bydrae gelewer in die enigste twee Curriebekerwedstryde wat Wes-Transvaal vanjaar gewen het.


POTCH. SPARES

(PTY.) LTD.

VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE

FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACC SSORIES

★

Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260

39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.


# Redaksie


HOOFREDAKTEUR:
Gerrit Pienaar (6370).

SUBREDAKTRISES:
Amanda Attwell (3211).
Nicolette van der Walt.

SEKRETARIS-PENNINGMEESTER:
Dave van der Walt (2067).

SIRKULASIEBESTUURDER:
Kobus van der Walt (2030).

ALGEMENE NUUS:
Quintus Pelser (2171).

SOSIAAL:
Wilma van den Dool.

DAMESBLAD:
Jessica Knoetze (3214).

KOSHUISAANGELEENTHEDE.
Riaan Odendaal (2024).

AKADEMIES:
Willemien Jerling (2037).

KUNS:
Jessica Knoetze (3214).

SPORT:
Gert van Jaarsveld (2030).

FOTO'S:
Danie van Graan (4722).
Geneem deur Fotokuns.

SPOTPRENT:
Erich Feierabend.


# Uit die Woord

## SATAN, DIE IMPERIALIS

Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan!, want daar is geskrywe Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
— (Mattheus 4:8—10).

IN HIERDIE derde versoeking openbaar die duiwel hom as die groot imperialis. Hier kom hy uit sy skuilhoek en dit moet so wees want God wil Satan hier ten volle openbaar, want dit is juis die kenmerk van die duiwel dat hy meesal skuil gaan. Hy kom as 'n engel van die lig.

En hier sê hy dan eintlik wat hy wil hê: hy wil aanbid wees. Hy wil 'n god wees. Hy word dus ontmasker as die groot teëstander van God.

En hy stel homself aan Christus voor as die groot besitter. En dit is so dat Satan as gevolg van die sondeval die bevoegdheid oor die wêreld verkry het.

En soos Adam hoor Christus ook die stem van Satan in die begin van sy optrede.

En hier openbaar hy hom as die imperialis. Al die koninkryke is myne en ek bied dit aan as U my net aanbid.

Maar hier openbaar Jesus Christus hom in sy volle verlossende krag. Deur die krag van die Heilige Gees openbaar Hy as die Seun van die mens weer die ware koningskap.

„Nee Satan, daar staan geskrywe: ‚Die Here, jou God alleen moet jy aanbid',"

Daarom deur tot in die dood aan God alleen gehoorsaam te bly, sal Hy die koninkryke van Satan afneem en nie van hom ontvang nie.

Die Kerkblad.

# Teorie versus praktyk — 'n valse teenstelling

**Deur Vorster Combrink (Th.B1)**

**Uiteinsetting.**

Het jy al hier teen die einde van die akademiese jaar, na 'n lang tydperk van worstel met die roetine van die daaglikse studies, 'n onbehaaglike frustrasie in jou voel opwel? Ek noem dit frustrasie omdat jy moeg is vir jou studies, maar jy weet nie hoekom nie. Jy mag miskien hard werk, soos wat jy ook bid, maar alles word maar net vaal en sinloos. Die dryfkrag en motivering is weg. Terloops, ek neem aan jy as leser is 'n Christen. Indien jy nie een is nie, mag jy moeite ondervind om gelyk te gee.

**Isolering.**

Ek wil hierdie simptome van frustrasie van jou herlei na 'n kernprobleem, nl. 'n isolering van jou studentebestaan binne die eng mure van 'n akademiese vertrek. Jou studie het veelal iets op sigself geword. Die lewende kontak met die gemeenskap vir wie jy wil dien met jou werk (akademie) vervaag, omdat jy nog nie, soos jy meen, in die praktyk staan nie. Jou verswakte verantwoordelikheidsbesef laat jou lewe vereng tot 'n akademiese sfeer van voorbereiding vir die latere lewe, tot 'n gevoel van nog nie werklik leef nie, dat jy eers later sal deelneem aan die voller lewe, aan meer samelewingsverbande sal behoort as jy klaar is met jou studies. My en jou betrokkenheid by ons studies verskraal tot die doen van die noodsaaklike, om deur te kom, om ons toetse te slaag, om graad te vang — dis tog per slot van rekening al wat nodig is om eendag te kan gaan werk! Ek wil vir die huidige deel wees van so min as moontlik samelewingsverbande, my lewensbelangstelling en betrokkenheid verskraal tot lid wees van die universiteit, 'n huisgesin, 'n kerkverband, en (miskien die belangrikste): 'n vriendskapsverband (waaronder sleep).

**Weinig betrokke.**

Omdat ek my studentwees nie sien as 'n roeping van NOU, as *lewe* nie, daarom neem my verantwoordelikheidsgevoel af. Ek voel weinig betrokke by, of verantwoordelik vir die noor van ons land, ons tyd en die wêreld. Ek voel ongemaklik as ek hoor van duisende mense wat in Burundi sterf, want ek doen nie juis moeite om my te vergewis van die ware toedrag van sake nie; of ek voel kriewelrig as ek hoor van hongersnood in Indië, van bevolkingsontploffing, besoedeling, geweld, rewolusie, gesinsontbinding, materialisme; of nog ander aan myself: ek word ongemaklik as ek daagliks by dieselfde Bantoe verbystap, want ek weet nie of ek hom moet groet nie, laat staan nog die Evangelie verkondig aan hulle wat in my koshuisgang werk! Dis ander mense se „worries" die, of dis nie ter sake nie.

**Oorsake.**

Ek wil nou 'n paar dinge aantoon wat hierdie gesindheid in die hand werk. Daar is eerstens vreesagtigheid, 'n koue vrees wat die gekompliseerdheid van ons kultuur in my laat groei. Ek het geen lewenskoers te midde

**Studentemening**

van al die baie dinge nie, en dit omdat ek nie geintergreerd my aangesprokenheid deur God en mens in hierdie tyd gevoel nie. Ek leef nie doelgerig, na buite, gerig op die aarde wat ek moet beheers nie.

Ek vrees, omdat ek nie God en sy wil ken nie. Wie sal nie benou word as hy waarlik gerig leef op die wêreld om hom nie?

**Christelike wetenskap.**

Die oorsaak lê egter ook veel dieper. Dis 'n eenvoudige christelike feit, dat waar 'n vak nie gebou word op die Woord van God nie, daar outomaties spanning en verwarring in die christenstudent (wat dus stry) se gemoed intree. As wetenskap God nie wil dien in gehoorsaamheid nie, as die dosent nie openlik, eksplisiet en nederig worstel met die uitbou van God se koninkryk in sy vakgebied en sy studente daarin lei nie, dan ontken hy dat God soewerein in oor alle lewensterreine. En wie ly daaronder? Die soekende christenstudent wat as mens sy lewensintegrasie ook in die wetenskap in Christus wil beleef, Christus wat nou uit sy vakke geban word. Wat maak jy as 'n geskiedenisdosent aan jou stel dat die wêreldgeskiedenis niks met die afwerk van God se raadsplan in die wêreld te make het nie? En wat van tale? Sou slegs in die waardering van letterkundige werke die christelike getuienis van 'n dosent/student ter sprake wees? Hierdie voorbeeld kan vermenigvuldig word. Sekerlik maak mense erns met hulle roeping aan die P.U., maar dan vra mens tog met siddering: Hoekom staan die stryd tussen die Ryk van God en die van satan nie sentraal in ons wetenskap nie? Is dit nie juis hierdie stryd wat ons aan mekaar moet bind, wat ons moet dring om te vra wat reg is in elke faset van die skepping wat ondersoek word nie? As ons nie nou hier in ons wetenskapsbeoefening Christus wil dien nie, dan sal die dienskarakter van ons studies vervaag, vir nou en vir later, dan wil ek ook nie nou reeds my voelers na die hele lewensfront uitsteek, soek watter diens ek moet lewer, na voltooiing van my studies nie.

**Gearriveerdheid.**

Dit bring my by die volgende oorsaak van ons akademiese isolasie, van die redusering van ons lewens tot studeer/student-wees Ons soek nie nou na die plek van ons vakke in die diens wat ons nou en later kan lewer nie. Wie van ons steun die werk van 'n politieke party aktief? Ons lees te min koerante te onkrities. Ons vra te min na die wortel van meningsverskille. Ons vergelyk nie ons standpunte nie. 'n Sieklike gearriveerdheid lê ons roepingsoriëntering lam.

Ons sien nie alles as ingebed in die raadsplan van God nie en merk nie die tekens van die tye op wat juis in hierdie bedeling pregnant op die voorgrond is nie. Die verkondiging van die Evangelie is nie meer ons primêre belang nie en daarom voel ons nie betrokke by die lewensterreine wat roep om die proklamasie van die blye boodskap nie. Die gevolg: My werk is sinlose teorie, my wetenskapsbeoefening is nie my roeping van NOU nie.

**Roeping.**

Myns insiens help Interfakultêre Wysbegeerte in 'n groot mate om die lewenseenheid in sig te laat kom. Inderdaad word die voelers na die voller lewe uitgesteek. Ook ons studenteorganisasies bied ruim moontlikheid vir bemoeing met die vraagstukke van ons tyd. Die tyd is egter ryp om te desentraliseer, om liggame soos P.N.B. en K.V.V. in die koshuis te bring. Daar kan die gemeenskaplike stryd ook weer klop in die gesprek in die kleiner groep.

Laat ons dan soek om die tyd uit te koop met al ons mag, laat ons erns maak met christelike wetenskap, die nood van blanke en Bantoe-sendingvelde raaksien, bepland leef, gerig leef op die wêreld om ons, werk in christelike organisasies, vakansies werk, met veel meer mense gesels. Dan besef jy: My studies is sinvol, ek is nou verantwoordelik aan God, ek kan maar my beskeie deeltjie in vreesloosheid verrig. Christus het oorwin. Die „teoretiese" letters van my studieboeke word swart op wit: 'n Praktiese stryd! Die doel daarvan? Sinvolle geintegreerde heerskappy oor God se skepping in blye verantwoordelikheid.




„Ek wil jou graag voorstel aan die vrou wat dit moontlik gemaak het."

**Opsioneel**

GLIMLAG en die wêreld lag om jou heen; grynslag en leef iesegrimmig alleen. — A.B.C., Kroonstad.



# NUWE VERE VIR KOOR

**Die Universiteitskoor pronk deesdae met nuwe vere. Hulle het gedurende die Julie-vakansie 'n suksesvolle toer onderneem na Suidwes en Natal. Pukke kan hulle volgende week te siene kry wanneer hulle in Potchefstroom optree.** (*Fotokuns*).

# ALABAMA SKITTER WEEREENS

„Alabama is die naam
van studente hier tesaam
ons kom lag en sing en speel
en die harte nou-nou steel."

Met hierdie woorde uit die openingslied het die Alabama Studentegeselskap met hul afgelope toer hul groot gehore welkom geheet. En die harte is gesteel. Oral was die sale vol en moes honderde mense teleurgesteld omdraai. Ons waarsku dus die Pukke om vroegtydig te bespreek. Kaartjies is reeds by die S.R.-kantoor verkrygbaar.

Die program sien as volg daaruit:

Onder die bekwame leiding van Johan van Rensburg beeld Alabama in Revue '72 die verskillende fases in die lewe van die mens uit: van suigeling tot grysaard. Daar is skreeusnaakse kleuterliedjies, opwindende popliedjies, betowerende liefdesliedjies, liedjies, oor die wel en wee van die huwelik om dan af te sluit met "To fill the world with love", wat dan ook as die „boodskap" van die groep vertolk kan word. Die program is vol hoogtepunte en benewens sang en orkeswerk is daar nog diegene wat geen bekeedstelling nodig het nie: komediante Joe Enslin en Phillip Louw. 'n Nuwigheid, die poppespel, het ook besonder byval gevind.

Benewens hul druk konsertprogram, was daar ook vir ontspanning tydens die afgelope toer gesorg. Na wat verneem word is Durban by tye „oorgeneem", terwyl 'n besonder aangename gees onder die toerlede geheers het. Sleepaksies het ook nie uitgebly nie, of wat sê ek Marietjie en Koos? . . .

Die 41 lede van die groep het met 'n luukse Atlas-toerbus gereis en op die verskillende plekke by gesinne tuisgegaan, behalwe vir die ouetehuis wat op Winkelspruit tot hul beskikking gestel is. Die lede praat met lof van hul gawe toerouers, mnr. en mev. Leal, asook van Pieter Mulder se bekwaamheid en opofferings as toerleier. Alles het seepglad verloop. Hierdie jaar is selfs 'n kombi vir reklamedoeleindes gekoop en het die SAUK en Radio Port Natal programme oor die Revue uitgesaai.

Die toerprogram is al in dele van die Vrystaat, Natal en Transvaal uitgevoer en hier volg die res van die program:

7-11 Aug. — Potchefstroom.
28 Aug. - 1 Sept. — Potchefstroom.

22-23 Sept. — Klerksdorp.

27-30 Sept. — Stadskouburg, Johannesburg.

Ons wens die Alabama-geselskap 'n aangename verdere reisprogram toe en sien uit daarna om hulle hier in aksie te sien.



(*Fotokuns*).

# DUITSERS TOER NA NATAL

'n Groep van ongeveer tween-en-vyftig lede van die Duitse vereniging het gedurende die naweek van 28-30 Julie 'n baie geslaagde uitstappie na Noord-Natal onderneem. Al die studente, asook van die dosente, het daar afsonderlik by Duitse gesinne tuisgegaan. Almal het Duits leer praat en elke student is hom nou ook van die groot Duitse gemeenskap in Paulpietersburg in Vryheid bewus. Die studente is almal getref deur die besondere gasvryheid van die mense in die omgewing. Die meeste van hierdie Duitse mense woon op plase, en die Duitse studente het allerhande tradisionle tuisgemaakte Duitse geregte leer ken. Van nou af sal elke student wat op die uitstappie was, weet wat is Metwurst en Butterkuchen.

Die vriendelike mense daar het ook 'n braaivleis vir die studente gereël en Sondaggogend het al die studente saamgegaan na die diens in die Duitse Kerk. Vir die meeste van die studente was dit 'n hele ondervinding om 'n Duitse erediens by te woon.

Almal hoop dat daar later weer 'n herhaling van die uitstappie sal wees.

# Colamus stal uit

Die akademiese vereniging van die Departement Kultuurkunde, Colamus, beoog 'n uitstalling in die Frans du Toitgebou se uitstallingslokaal vanaf Dinsdag 8 Augustus tot Vrydag 11 Augustus.

Die tema van die uitstalling sal wees „Die oue — die nuwe" en werk asook bydraes in die uitstalling word behartig deur die studente onder leiding van mnr. C. Jordaan, 'n dosent in Kultuurkunde. Dinsdagaand 8 Augustus word films vertoon wat betrekking het op die onderwerp en daar sal elke ander aand van die uitstalling 'n kort film vertoon word vir mense wat belangstel om voor Alabama optree, te kom inloer.

Dit is die eerste uitstalling van die aard deur 'n akademiese vereniging en die aanbieding daarvan behoort in die smaak van Pukke te val.



„DALK IS HY TUIS, DALK NIE, PRESIES WIE WILL HOM 'N BLOEDNEUS SLAAN?"

# 20th Century

**Vrydag 4 Aug., Saterdag 5 Aug.:**
**"THERE WAS A CROOKED MAN"**
Kirk Douglas en Henry Fonda (2-16).

★

**Maandag 7 Aug. tot Saterdag 12 Aug.:**
**"FIDDLER ON THE ROOF"**
Topol en Norma Crane.

★

**Maandag 14 Aug., Dinsdag 15 Aug.:**
**"MONSTER"**
Christopher Lee en Peter Cushing (4-18).

★

**Woensdag 16 Aug.:**
**"VIOLENT PEOPLE"**
Jean Gabin en Daniele Ajoret 2-12.

★

**Don., Vry., Sat., 17, 18, 19 Aug.:**
**"WOODSTOCK"**
Joan Baez en Santana.

# Goue Weste

**Maandag 7, Dinsdag 8 (7 nm.):**
**Vrydag 11, Saterdag 12 (6.45):**
**"RAINTREE COUNTREE"**
Elizabeth Taylor en Montgomery Clift.

★

**Woensdag 9, Donderdag 10 (7 nm.):**
**Vrydag 11, Saterdag 12 (9 nm.):**
**"NO BLADE OF GRASS"**
Wigel Davenport en Jaen Wallace 2-18.

★

**Maandag 14, Dinsdag 15 (7 nm.):**
**Vrydag 18, Saterdag 19 (6.45):**
**"DYNAMITE MAN FOR GLORY JAIL"**
James Steward en George Kennedy.

★

**Woensdag 16, Donderdag 17:**
**Vrydag 18, Saterdag 19:**
**"THE ADVENTURERS"**
Candice Bergen and Leigh Taylor.

# Potch. Inry

**Maandag 7, Dinsdag 8, 7 nm.:**
**Vrydag 11, Saterdag 12 9 nm.:**
**"THE BABYMAKER"**
Barbara Hershey (2-18).

★

**Woens. 9, Don. 10, 7 nm.:**
**Vrydag 11, Saterdag 12 (7 nm.):**
**"THE SICILIAN CLAN"**
Jaen Galsin en Alian Delon.

★

**Maandag 14, Dinsdag 15:**
**Vrydag 18 Saterdag 19 ( 9 nm.):**
**"BELIEVE IN ME"**
Michael Sarazin en Jacq ueline Bisset 4-16.

★

**Woensdag 16, Donderdag 17:**
**Vrydag 18, Saterdag 19 (7 nm.):**
**"EARTH 2"**
Gary Lockwood en Tony Franciosa.

# S.A.B. VERSKAF WERK

**DIE WERKVERSKAFFINGSKOMITEE van die S.A.B. het goeie nuus aan alle studente wat werk soek in vakansies. Die komitee is gestig in opdrag van die S.A.B. om die volgende funksies te verrig:**

1. Vakansiewerk aan studente.
2. Naweekwerk aan studente.
3. Permanente werk aan finalejaar studente.

Hoewel daar reeds 'n soortgelyke komitee onder die A.S.B. geressorteer het, het mnr. Frans Kruger, die Voorsitter van die A.S.B.-komitee, ingewillig dat alle werk t.o.v. werkverskaffing nou deur die Werkrverskaffingskomitee van die S.A.B. gedoen kan word.

Mnr. Tom Bisschoff het met *Die Wapad* gesels en gesê dat die komitee reeds met verskeie organisasies geskakel het, en dat hulle heelwat positiewe antwoorde ontvang het.

Die komitee bestaan uit: Tom Bisschoff, (konvenor), T. Raubenheimer, Dawid Naude, Jack Fourie, Manie Kruger. Studente wat belangstel om d.m.v. die komitee werk te kry, kan met enige van die persone skakel.



(*Fotokuns*).

# PUKKE SKENK R1 000

**DIE STUDENTERAAD het op Saterdagoggend, 29 Julie, 'n bedrag van duisend rand namens die studente van die P.U. vir C.H.O. aan die volk en kabinet van Bophuthatswana oorhandig ter stywing van die Universiteitsfonds van die Tswana-volk.**

Die oorhandiging het te Mafeking in die kantoor van die Hoofminister, kapt. Mangope plaasgevind. Die hele kabinet van Bophuthatswana was teenwoordig asook al die blanke direkteure van die Departement Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling.

Hoofminister Mangope het na ontvangs van die bedrag in suiwer Afrikaans geantwoord en gesê dat hulle as Tswanavolk baie dankbaar is vir wat die P.U. vir C.H.O. vir hulle as volk doen. Die geld wat hulle vandag ontvang, is maar 'n kleinigheid in vergelyking met die menslike produk wat hulle van die Potchefstroomse Universiteit ontvang.

**Vak.**

Hy het voortgegaan en gesê: „Ek verneem dat die P.U. vir C.H.O. die enigste Universiteit is wat Tswana as 'n vak aanbied. My beskeie mening is dat ons 'n vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika daar wil stel, dan behoort ons mekaar se taal te leer ken, want daarmee sal ons ook die kultuur van 'n volk kan ken en die volk as sulks beter kan vetstaan. Waar Tswana as 'n vak aangebied word, voel ons as 'n volk geëerd."

**Verskille:**

Kapt. Mangope het vervolgens een van die verskille tussen blanke en nie-blanke Universiteite soos volg geskets. „Die blanke universiteite is universiteite wat al 'n tradisie het, wat al 'n mikpunt het, wat weet waarheen die student moet gaan, en dit kan 'n mens nie sê betreffende die nie-blanke universiteite nie. Die Universiteit van die Noorde byvoorbeeld moet nog sy tradisie skep en moet nog sy rigting inslaan en dit veroorsaak probleme. Die student weet nie waar hy staan nie. Dit is waarom ons in 'n mate probleme ondervind met 'n studentebeweging soos SASO wat niks met die tuislandregerings en met die volk as sulks te doen wil hê nie. Dit is waarom ons voel dat ons eie Universiteit moet hê waar die Tswana sy identiteit kan behou."

Ten slotte het die Hoofminister namens die volk en kabinet hulle dank, vriendskap en samewerking aan die P.U. vir C.H.O. aangebied.

## OPERAKAARTJIES

Daar is net 'n klein aantal kaartjies beskikbaar vir die operas Don Giovanni en Rigoletto (vyftig elk) in die Johannesburgse Stadskouburg waarheen die Pukke vervoer sal word.

Die datums en pryse is as volg:

Don Giovanni — 7 Augustus 1972 — R2,50 vervoer ingesluit.

Rigoletto: 16 Augustus 1972 — R2,50 vervoer ingesluit.

Indien u wil gaan, moet daar so gou as moontlik plek bespreek word by mnr. Leo van Schaik by die S.R.-kantoor elke middag om 1.30 nm. Die Pukbus sal in albei gevalle vanaf Klawerhof vertrek. Die spesifieke tye sal later bekend gemaak word.

## B.S.V. besoek Akademie

Die Biologiese Studentevereniging het die Kongres van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, onder leiding van mnr. Harry Kotze, te Bloemfontein bygewoon.

Op 27 Junie het die Kongres in aanvang geneem. Referate oor navorsing aan verskeie universiteite is gelewer, byvoorbeeld oor Elektromikroskopiese studies van soogdierhare, bestralingseffekte van die brein en nier van die platanna (Xheophis), Ioonopname in die appel ter bestudering van siektes, asook 'n nuwe metode van klassifikasie van sekere Acaciasoorte.

Die Biologiese afdeling was onder voorsitterskap van prof. P. A. J. Ryke en die sekretaris dr. W. J. van Aardt, beide van die P.U. vir C.H.O. Die Kongres is verder bygewoon deur verskeie afvaardigings van die ander Universiteite in Suid-Afrika.

## A.S.B.-kongres

# AFRIKANERSKAP BEKLEMTOON

**TYDENS die afgelope A.S.B.-kongres in Bloemfontein is drie referate gelewer met die tema „Die Vesting in die Suide". Die drie referate was prof. S. C. W. Duvenage van Puk, prof. F. Wessels van Ukovs en prof. J. E. Pieterse van U.P. Prof. Tjaart van der Walt, rektor van die Teologiese skool, het die slotrede van die Kongres gehou.**

Prof. Duvenage het gepraat oor die ‚Godsdienstig-morele front' en het hom as volg oor studente-betogings uitgelaat: „Die onlangse studentebetogings is geen lukraak studente-avontuurlikheid of demonstratiewe openbaring van kwellende griewe nie, maar dit is 'n voorafbeplande en doelbewuste poging tot omkering van die bestaande orde. Aan die wortel daarvan lê 'n bepaalde religieuse instelling. Dit gaan nie maar om politieke of sosiale misnoeë nie, maar dit gaan om 'n spesifieke religieuse instelling ten opsigte van die hele lewe wat individu en samelewing intens raak."

**Nuwe Afrikaner.**

Prof. Duvenage het gewaarsku teen die gevare wat in die gedagte van die *Nuwe Afrikaner* lê, omdat die gedagte geheel en al liberalisties gekleurd is. Dit blyk duidelik uit die feit dat vir hulle die rug gedraai moet word op kultuuruitinge van die Afrikaner, die A.S.B. volgens hulle 'n konformistiese organisasie is wat met minagting bejeën moet word, die sekuriteitsmaatreëls van die owerheid gekritiseer moet word en so meer.

**Jesus-revolusie:**

Die beoordeling van die Jesus-revolusie deur gevestigde kerke, volgens prof. Duvenage, sou ongetwyfeld waardering inhou vir hulle poging om 'n lewende gemeenskap met Christus te hê, vir hulle erns ten opsigte van die vergewing van sondes, wedergeboorte en bekering. Die grootste vraag is egter of dit 'n Skrifgebonde reformasie is. Die Afrikanerjeug het hierdie beweging egter nie nodig nie, omdat die dormele Christendom en gevestigde kerke 'n baie sterk inslag onder ons het.

**Neutrale Onderwys.**

Een van die gevaarlikste aanvalswapens van die Humanisme is ongetwyfeld neutrale onderwys, het prof. Duvenage gesê. Hy vra homself af in hoe 'n mate neutrale wetenskapsbeoefening en neutrale onderrig aan skole nog aan die gang is ten spyte van die wetgewing in die verband in 1967. Dit het fatale gevolge en moet baie sterk beveg word, het prof. Duvenage gesê.

**Wetgewing:**

In 'n referaat wat handel oor die politieke front het prof. Frans Wessels van Ukovs hom baie sterk uitgespreek teen die kritiek wat gedurig teen sekere wetgewing in Suid-Afrika gemaak word. „Die Engelse en Romeins-Hollandse Reg is die reg van fatsoenlike, ordelike mense en staan derhalwe bykans verdwaas voor terrorisme, anargisme, permissiwiteit, pornografie en straat-politiek", het hy gesê.

„By ons het 'n konflik wat voorgee om te gaan oor rasseonderdrukking, maar in werklikheid kommunisties-beplan en anargisties-liberaal gesteun en gedra word, die afgelope twee dekases uitgeloop op sabotasie en terrorisme. Dit het gelei tot maatreëls soos die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme die Wet op Terrorisme en so meer." Prof. Wessels het 'n baie sterk beoorde ieenaanval teen die persone geloods wat sodanige maatreels tydig en ontydig kritiseer.

**Vernuwing.**

Prof. J. E. Pieterse van Tukkies het die volgende gesê oor die verandering wat die A.S.B.-kongres beoog het en oor vernuwing in die algemeen: „Vernuwing, ook in die werkswyse van die A.S.B., is seker iets wat altyd oorweging moet geniet. Maar as dit gaan om versaking van Afrikaner-identiteit en beginsels, dan moet daar weer 'n keer besin word."

Hy het kommer uitgespreek oor sekere tendense onder die Afrikaner-jeug. Hy noem die feit dat die Afrikaanse student in sy soeke na nouer skakeling met sy Engelssprekende eweknie meermale bereid is om sy eie kultuur in 'n ondergeskikte posisie te stel. Die Afrikanerstudent is ook na verhouding minder gesteld op onderrig in sy moedertaal as Engelssprekende studente.

**Afrikanerskap.**

„Hierdie gegewens dui daarop dat daar by die moderne jeug 'n groter ingesteldheid op Suid-Afrikanerskap as op Afrikanerskap is en dat dit baie waarskynlik is dat indien ons toelaat dat hierdie proses voortgaan, Afrikanerskap ingeboet sal word. Dit sal afstuur op 'n identiteitslose mens. Suid-Afrikanerskap kan nooit 'n afgebakende, begrensde identiteitsbelewing met die nodige geborgenheid bied as wat Afrikanerskap aan die jongmens kan gee nie."

Na die lewering van elke referaat het die kongres in besprekingsgroepe van ongeveer twintig persone verdeel en uit hierdie groepe is vrae aan die referente gestel deur middel van groepleiers.


**KOLLEGE DIENSSENTRUM**

**H/v. Von Wielligh- en Presidentstraat. Tel. 5800**

★

**VIR CITROEN EN RENAULT**

★

**Groot voorraad uitgesoekte, gebruikte motors. Volledige verkope, onderdele en herstelwerk vir alle motors.**

★

**ONS SPESIALISEER IN CITROEN EN RENAULT**

**Bult Droogskoonmakers en Wassery**

●

STUDENTE!

Dit is U droogskoonmakery en wassery. Hier sal u tuis voel.

●

BRING U SAK WASGOED — SPESIALE DIENS AAN STUDENTE.

Herstelwerk aan klere in 'n japtrap. Fout met u skoene? Bring hulle ook!

★

AFSLAG OP SEKERE HOEVEELHEDE.

●

**Tomstraat 98** **Telefoon 6674**



'n Toneel uit Thalia se aanbieding „Sagmoedige Neelsie". *Fotokuns.*

# Thalia laat mense skater

**THALIA Toneelvereniging het die afgelope Julievakansie groot sukses in Kaapland, Vrystaat en Transvaal met „Sagmoedige Neelsie", 'n toneelrevue oor die lewe en werk van een van Suid-Afrika se grootste volkskrywers, C. J. Langenhoven, behaal.**

Die Burger skryf dat Thalia „Langenhoven en sy werk met oorspronklike vernuf en baie geesdrif opnuut laat lewe". Die resensie lui verder: „Dit is egter die studente se geesdrif, meer as enigiets anders, wat die aanbieding suksesvol gemaak het. Sonder om Langenhoven, die skerpsinnige moralis en mensekenner, af te skeep, het hulle 'n baie plesierige aanbieding van ‚Sagmoedige Neelsie' gelewer".

*Die Volksblad* skryf dat „Thalia-Toneelvereniging die gehoor laat skater het soos Langenhoven bedoel het dat sy eie mense moes lag — spontaan en hartlik. Al die deelnemers het gehelp om Langenhoven se sêgoed fris soos 'n seebries tussen ons stadsjapies deur te blaas, maar daar was nog iets anders wat die vreugde van die aand groter gemaak het — die fonkelende studentegees.

„Die Thalia-groep het pragtig daarin geslaag om die belangstelling vir 1973 se Langenhovenjaar aan te wakker vir 'n geslag wat hom amper te goed geken het en sy werke al agter op die boekrak geskuif het, maar veral ook vir die jongeres wat hom nou eers gaan ontdek."

Volgens die bestuurder van Sukovs op Welkom, mnr. J. Enrico, is die samestelling van die program sodanig dat dit 'n baie goeie oorsig oor die verskeidenheid werke wat Langenhoven geskryf het, gee. Die program is in die vorm van 'n toneelrevue saamgestel en gedramatiseerde grepe uit bekende werke soos Herrie op die Tremspoor, Sonde met die Bure en Loeloeraai, word afgewissel met guitige liedjies, toonsettings van Langenhoven-gedigte deur Johan van Rensburg, Peet van Rensburg en Johann van der Merwe, pittige limerieke en skreeusnaakse spreuke waaruit die lewenswysheid en mensekennis van Langenhoven opvallend is.

Die tegniese sy van die aanbieding het oral byval gevind en die beligting en byklanke het meegehelp om die aanbieding op 'n bykans professionele wyse af te rond. Tydens die toer is deurgaans vol sale getrek. Gesofistikeerde gehore in Bloemfontein, Oudtshoorn, Bellville, Welkom en Kimberley het die aanbieding net soveel geniet as plattelanders.

Op Bellville het mej. Sarah Goldblatt, administratrise van Langenhoven se Letterkundige nalatenskap, ná die aanbieding vanaf die verhoog aan die gehoor gesê dat dit 'n skitterende aanbieding was wat Langenhoven se werke op 'n vernuftige wyse tot hulle reg laat kom. „As Langenhoven gelewe het, sou hy gesê het dat daar niks met die jeug van Suid-Afrika verkeerd is nie", het mej. Goldblad gesê.

**Pukke kan 'Sagmoedige Neelsie'' nog op Vrydagaand 4 Augustus en Saterdagaand 5 Augustus in die Totiussaal sien. Besprekkings kan by die S.R.-kantoor gedoen word.**


**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★

**Octron-gebou**

**Lombardstraat**

★

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074


## *Bedrywige vakansie vir die Pukke*

DIE PUKKE het klaar vakansie gehou en almal is terug in die tuig. *Die Wapad* het met 'n paar gaan gesels en kan nie anders as om te besef dat die Pukke nie stilsit tydens vakansies nie.

**Huisbou.**

'n Tweedejaar B.A.-student, Matthy Jansens, het die vakansie heel ongewoon deurgebring. Haar pa is besig om hulle huis eiehandig te verander na 'n dubbelverdieping. Hy doen dit met behulp van een Bantoe, sy vrou en vier dogters! Metthy vertel dat sy sement en stene moes aandra die hele vakansie. Haar pa doen die messelwerk en die Bantoe die mengwerk. Intussen moes die huislike roetine aangaan, al was die dak 'n ruk net planke.

**Sentrale.**

Tjaart Venter van Liberalia het die telefoon-sentrale op Nelspruit die afgelope vakansie beheer. Dit is 'n ondervinding enig in sy soort. Tjaart sê hy is bly outomatiese sentrales al meer en meer in gebruik kom. Die mense wat in die sentrale werk moet darem teveel kastyding met die tong verduur. Volgens hom besef sommige telefoonverbruikers nie dat dit maar net 'n mens is wat daar sit en nie 'n masjien nie.

**Kultuur.**

Julie-vakansies is die vakansie vir kulturele aangeleenthede. Truide van der Walt, 'n B.Mus. student van Oosterhof het die vakansie 'n besondere prestasie behaal. Sy het saam met die Johannesburgse Simfonie-orkes opgetree. Die orkes hou twee maal per jaar keurings waarop voordraers van enige solo-instrument gekies word. Truida was een van die vier soliste wat vir die klavier gekies is. Die konsert het die 17 Julie in die Grootsaal van Wits plaas gevind. Almal het met groot lof van haar optrede gepraat.

**Oorsee.**

Daar was ook 'n paar Pukke wat oorsee gaan kuier het. Okkie Raubenheimer was in Europa en het o.a. Spanje, Portugal en Frankryk besoek. Tjaart Steyn van Thaba Jah was ook die vakansie bietjie buite ons land se grense. Die Karlienier, Annelize du Plessis, het by haar ouers in Londen gaan kuier en die vakansie in Italië se warm weer deur gebring. Die Italiaanse mans is seker baie meer waarderend.

Gielie Odendaal en Charl du Plooy het gaan rooibokke haal in Thabazimbi se wêreld en na 'n plaas naby Messina geneem. Die rasseverhoudings was glo effens versteur toe die Bantoes nie die kamp gemaak het nie en hulle deur die nag moes kampe maak.

**Toere.**

Sporttoere was ook volop die vakansie en dan nog Alabama en Thalia se „sportstoere". Marieta Breedt van Oosterhof het vir Wes-Transvaal vanaf 1-8 Julie in Oos-Londen hokkie gespeel op die Inter-provinsiale hokkietoernooi.

Die vakansie het definitief elke student baie besig gehou en daarom gun die Wapad die Pukke hulle welverdiende rus hier op die plaas.

# OOR DIE ONDERDEUR

Liewe Verliefdes,

Liefling, When love comes knocking, If living is without you, The first time I saw your face, Love Story . . . ai, is dit nie heerlik om verlief te wees nie. Sjoe, maar so 'n vakansie kan darem die liefdesake omkrap! Al wat 'n mens deesdae hoor is: „het jy gehoor Sy en Hy is uit en weet jy wat, Hulle sleep hou vas. Dit is net Jannie, Piet, Nico, Bart, Gerrit en baie, baie ander hane wat soem, soem om die dames koshuise. Moet asseblief, nie die mans vergeet nie, dit is Lynette, Ronel, Marie, Hannelie, Ester, Thalia en Alabama. Maar terwyl almal so gis, laat ek julle maar inlig oor wat regtig gebeur . . . .

Maatskaplike werkstudente se voorland is nie meer oujongnooiskap nie, die beleid word voortgedra deur Marie Maree en Lood Derksen wat verloof geraak het en ook Petro Harmse en Ronnis Joubert. Dieselfde kan gesê word van Rika Wechner en haar aspirant-dokter.

Die Valskermklub'kry dalk twee nuwe dameslede by, aangesien Zak vir Lena du Plessis en Bartlo vir Hilta Liebenberg afrig.

Dat Lynette de Meiloon lugwaardin wil word is iets nuuts, miskien is dit omdat sy van vlieg hou of omdat sy dan gouer by rugbywedstryde kan kom.

Redakteurs moet betaal word vir hulle harde organisasie, bepleit Gerrit Pienaar, en Marina de Kock sekondeer.

Nitzi, Jessica se witmuisie kry nou maar min aandag na die vakansie, want 'n sekere oud-Matie hou haar te besig.

Hennie Groenewald is meer lief vir sy Kasie, as wat hy is vir 'n hasie.

Daar bestaan geen twyfel dat Hedwig Herbst se rehabilitasieprogram met Burgurt van der Westhuizen geslaagd was nie. Vassleep word vir suksesvolle maatskaplike funksionering aanbeveel.

Dit wil voorkom asof die koue in Suid-Afrika ook na Ockie Raubenheimer se besoek aan Europa sy hart kom aantas het.

Dan so 'n bietjie nuus van die Skuurmanne: Andrew Deacon en Wilma Jooste het mekaar blykbaar gevind na Saterdag — hulle het dan ook 'n prys ontvang vir hulle uitsonderlikheid. Daar word ook gewonder waarom Osie en Lisa laat gekom het vir Skuur se braaivleis en of Piet Luneburg en Retha Bruwer graag Tarzan en Jane speel?

Van 'n stoute naweek gepraat, Johan Rossouw en Rosa, sou ons graag wou weet wie saam met Calvyn Badenhorst was? Pote nederlae of nie, Piet byt steeds vas by sy Rietjie in Republiek. En van vasbyt gepraat dink ons dadelik aan Rosy en Karlien.

Natuurlik is dit nie net Marie van Kulu nie, maar ook Ronel Schonfeldt wat die Tukkies mal maak.

Raai, raai saam met wie gaan Juanita le Roux oor die waters, miskien die een wat haar wil ompraat met 'n pêrelring.?

Na aanleiding van die groot ruiker wat Amanda Hamilton-Atwell ontvang het, moet haar sleep seker iewers blomme kweek.

Annemarie Jacobs vind dat Bossie glad nie so skaars is soos geld nie.

Jammer as ek op iemand se tone trap, hoor, maar as julle so na aan my staan as ek loer oor die onderdeur kan ek dit nie help nie.

Saam met die Direkteur van Huweliksaangeleenthede van die A.S.B.-kongres, mnr. Leo van Schaik, Louis van Resnburg en Charlotte groet ek julle tot volgende week.

Soet bly, AGIE.


**na aksie – satisfaksie**




**vol-ja smaakvol**

LEX 205A

# OP DIE KOSHUISFRONT

### SKUUR.

Die vreugde was groot toe die manne van die grys geboue teruggekeer het na die vakansie. Natuurlik was dit nie oor die akademie nie, maar oor ons nuwe teerpad in aanbou. Dit het na baie maande se klagtes en ontevredenheid gekom. Die Skuurmanne hoop nou net dat die spoedvalle wat seer sekerlik sal verskyn, nie klein bergies gaan wees wat 'n motor se onderstel uitruk nie. Daar word ook baie nuwe motors op ou parkeerplekke aangedui. Riaan Lemmer se motor kan gelukkig herstel word.

Op sportgebied was ons uitblinkers. Twaalf van die twintig Pukke wat aan die O/20-rugbytoernooi in die Kaap deelgeneem het, kom uit Skuur. Die kaptein, Nimrod van Zyl, is ook van Skuur. Nimrod het veral Saterdag baie goed rugby gespeel op Olēnpark.

Dit is nog vroeg in die semester, maar die akademie druk al. Gelukkig lê Intervarsity om die draai.

### KLAWERHOF

Ons akademie wag met lang sterte, vuurtonge en wrede toetstande! "Sagmoedige Neelsie", die Van Rensburg's met "Fill the World with Love" en "Pale Toe", is glad nie in staat om die draak te verpletter nie. Ons het ons kragte heelhartig by hulle ingewerp.

Klawerhof se Springboklys word steeds langer. Eliza dos Santos het so pas op haar hande daar gaan inval. Langs haar is Annalie Gildenhuys, Bea Marais en Marie Viljoen.

Die lang-en-swaar ingesamelde meubels en gordyne het gekom en die lank-en-lelike sitkamer het verdwyn. Uiteindelik!

Ons groet julle met 'n koskaartjie in een hand, 'n Alabama noot in die ander en 'n vuurwarm klap-(intervarsity)-soen.

### GATLAND.

Aan boord van Gatland fungeer alles normaal en tans vaar ons in 'n redelike windstilte. Die kalmte is grootliks toe te skryf aan die feit dat ons pas ankers gelig het, na net meer as 'n maand wat ons vasgemeer was. Tydens die tydperk het die bemanning kans gekry om geliefdes tuis te besoek en lekker uit te rus. Sommige is egter „gekies" om hulleself op hoogte te bring met die nuutste verwikkelinge betreffende binnelandse beveiliging.

Met laasgenoemde se terugkeer kon hulle ons meedeel dat die sending suksesvol was, behalwe dat die mense wat hulle onderrig het, nie die jongste haarmodes ter see ken nie. (Ons simpatiseer dan ook hiermee met andere wat die soortgelyke, geringe verandering in voorkoms ondergaan het). Met die bevel van skeepskaptein Dirk Coertze, om die ankers te lig, was die bemanning voltallig en almal op hulle pos, gereed vir die diepsee.

Ons het ook goeie nuus kon verneem dat Dirk en stuurman, Thys Labuschagne, beide die M.Sc.-eksamen (teorie-vrae-stelle) in Dierkunde met goeie gevolg afgelê het. Hartlik geluk aan die twee, en ons wens hulle alle sterkte toe met die laaste paar treë wenpaal toe. Dus gelukwensing gaan ook aan Dawid Bothma met sy verlowing, wat ons ook reeds hier wel deeglik gevier het.

Die kans dat Gatland oor 'n paar jaar 'n wêreldkampioen gaan lewer, is meer as net goed. Bykans almal is besig om hulleself die fynere kuns van skaak aan te leer, of om hulleself verder te skool in die spel. Fischer en Spasski het beslis rede tot kommer! Dus hoop om teen die einde van die jaar 'n kampioen uit ons geledere aan te wys.

Ten spyte van die "storms" vorentoe, veral die een teen Oktober-November, waarteen ons reeds gewaarsku is, is die bemanning vasbeslote om veilig anderkant uit te kom!

### OOSTERHOF

Oosterhof is in ekstase! 'n Mens betaal deesdae R300 vir 'n foto, dan kan hy verniet gaan eet. Bo en behalwe dit het ons nuwe sonfilter sitkamergordyne gekry en die kettings in die badkamers en waskamers het elkeen 'n splinternuwe prop aan. Ons hoop net nie die dames ontwikkel nou 'n groot liefde vir kettings nie, want dan sit ons presies waar ons twee maande terug was — sonder kettings en sonder proppe.

Ons wil net 'n vriendelike versoek tot die manne rig: dat hulle asseblief nie terwyl hulle sleep, ons nuwe tuin versleep nie, dit het gedurende vakansie ontstaan en die plantjies is nog maar gevoellig.

So van sleep gepraat, 'n slepery loop gewoonlik op 'n verlowing uit, die gevolg is dat Oosterhof se waarde steeds verhoog t.o.v. diamante. Geluk aan Rika Wechner en Ansie le Roux.

Oosterhof se hekelklub floreer steeds. (Vir die aan wie dit onbekend is, kan ons net sê: dis heerlik!) Ons hekel nie juis veel nie, maar ons bestudeer die "patrone" intensief — veral so voor komende dinees.

Siestog! Die oudames word deesdae so maer, en die eerste jaars sien al beter daarna uit. Sou dit nie dalk goed wees as die eerstejaars vir ons 'n middernagfees reël nie? Onthou: die koshuisvergadering kom al nader




„Nuuskierig?"



„My pa gaan kwaad wees omdat ons wegloop – hy wou saamgegaan het."



„PAPPIE, ONTMOET SERSANT HANS DE WET — HY'S IN DIE WEERMAG SE KAMOEFLEERKORPS."


HUIS en TUIN

Vir al u Studentebehoeftes.

★

Tel. 4641

★

U KEN ONS



VERLOOF en DIAMANTRINGE

word aangebied teen gewaarborgde fabrieksprys.

*Skakel:*

G. van R. Oosterhuizen

Tel. 869-2860

ALBERTON



BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR


## GROOTPRAAT

„DIE vis was te klein na my sin," beduie die hengelaar, „toe roep ek maar twee maats om my te help om hom terug te gooi in die water."

## Wys en Dom

DIE mens se wysheid het perke gekry, maar sy dwaasheid kan elke grens oorskry. — A.B.C., Kroonstad.

## Wilde Woordeboek

KAMERAS — wat pa nie in die asbak gooi nie.
PLATINA — sy is maer.
CHEMIES — die aia vra kos.
BARONES — soort sjokolade.
SENTRUM — goedkoop drank.
BYKOM — dan gee ek vinnig pad.
DEMAGOOG — as jy iets verwens wat in jou oog is.



**Die twee voorsitters van die karnavalkomitee. Links is mnr. Nico Ligthelm wat gedurende 1972 voorsitter was en regs is die nuwe voorsitter van die karnavalkomitee vir 1973, mnr. Karl Rost.**
*Fotokuns.*

# KARNAVALKOMITEE STEEDS DOENIG

**DIE KARNAVAL is vir al die meeste Pukke iets van die verre verlede en die komende een is iets waaroor nie noual gedink word nie Maar terwyl almal hulle bekommer oor die jaarpunte en die naderende eksamen, sit die Karnavalkomitee nie stil nie.**

Nico Ligthelm is nog baie doenig met die afsluitingsreëlings vir die jaar se Karnaval en voer lang gesprekke met die nuwe karnavalvoorsitter, Karl Rost. Hulle het reeds groot planne vir volgende jaar.

In 'n onderhoud het Nico te kenne gegee dat die afgelope jaar baie harde werk was, maar dit was baie aangenaam en hy neem met hartseer afskeid.

Donderdag, 28 Julie het hy die laaste keer in sy amptelike hoedanigheid as Karnavalvoorsitter opgetree en die debutante aangewys. Juanita le Roux het die buitelandse toer gewen en Gezina de Wet 'n binnelandse toer. Juanita vetrek op 3 Desember saam met die A.S.B.-toer. Hulle keer op 14 Januarie terug. Sy het R1 101 ingesamel en die hoogste bedrag wat sy op eenkeer gekry het was R30. Gezina het R500 ingesamel.

Nico het die finale Karnavalverslag aan die S.R. voorgelê en dit is eenparig aanvaar.

Nico en Karl gaan binnekort die vier karnaval doedies aanwys. 'n Paar koshuise sal 'n aantal meisies aanwys waaruit die finale vier dan aangewys word. Die aanwys van koshuise wat hiervoor in aanmerking kom sal op roteringsbasis geskied. Elke jaar word een of twee ander koshuise uitgelaat. Die doedies word gekies op grond van sjarme, organisasievermoë en welsprekendheid. Hulle sal ook sitting op die Karnavalkomitee hê.

Van volgende jaar se karnaval se Karl: "Daar sal baie klem op debutante gelê word en die hoofpryse sal wees 'n buitelandse en binnelandse toer."

Op 29 en 30 September word daar 'n Karnaval- en Joolvoorsitterskonferensie gehou, wat deur alle Afrikaanse Universiteite bygewoon word. Die besprekings sal oor onderwerpe van algemene belang gaan, soos reklame, debutante, kampjoligheid, filmpremiere en Stalletjiesdag.

Hierdie konferensie vind jaarliks plaas en volgens Nico is dit baie leersaam.

## Shakespeare in Kamertoneel

Na die groot dramas wat tot dusver vanjaar in die P.U.-Kamertoneel aangebied is, sorg hulle vir 'n verandering van spyse met 'n lighartige komedie van Shakespeare.

In die P.U.-Kamertoneel by die Departement Spraakleer en Drama kan Pukke van 8 tot 12 Augustus uittreksels uit die werke van William Shakespeare sien.

Die eerste helfte van die program word in beslag geneem hoofsaaklik deur *Romeo en Juliet* (Toneelkunde II se praktiese eksamenwerk vir 1971).

Aangesien die Departement voorlopig beplan om die volledige *Twaalfde Nag* volgende jaar in die Totiussaal aan te bied, doen Toneelkunde II hierdie jaar as vinger oefening 'n paar fragmente daaruit vir hulle praktiese eksamen. Dit vul die tweede helfte van die program. Besprekings kan gemaak word by Pro Rege op die Bult. Die opvoerings begin 8.15 nm. en die kaartjies is teen 50 sent beskikbaar.

Die program van die Dramadepartement vir hierdie semester is:

8 tot 12 Augustus: Twaalfde Nag (Shakespeare).

**2 tot 9 September:**
Verkiesing sonder Politiek — Gerhard Beukes.

**20 September:**
Die Wonder van die Woord.

**27 tot 29 September:**
Elektra — Saphokles.

**10 tot 11 Oktober:**
Die Dieper Reg — N. P. van Wyk Louw.

# KOSHUISLIGA IS WISPELTURIG

Verlede Saterdag in 'n winderige atmosfeer het Liberalia vir P.G.D. teen die verwagting in geklop. P.G.D., die veelbesproke rugbyspan in koshuisliga benut in die eerste helfte die wind en gepaard met 'n opportunistiese drie verkry hulle die voorsprong van 8-0. Na rustyd swaai die skaal in Liberalia se guns, hoofsaaklik vanweë doelgerigte en begeesterde spel aan die kant van Liberalia se agttal. Alle eer kom toe aan Liberalia se losskakel wat sy agterlyn goed weggestuur het. 'n Welverdiende 10 punte het gevolg, om die eindtelling in Liberalia se guns te beklink. So ontsê Liberalia vir P.G.D. enige verdere aanspraak om die beker.

**SKUUR.**

Skuur klop Makouvlei in 'n spel waar die wind 'n groot faktor was. Wat voorspelerspel betref het, was daar op die gebied van lynstane, skrums en losskrums nie te kies nie. Voor rustyd teken Skuur twee drieë aan. Makouvlei kon op hierdie stadium geen punte aanteken nie. In die tweede helfte was Makouvlei meerendeels op die aanval, dit was slegs die uitstekende spel aan die kant van Skuur se heelagter, wat Makouvlei van welverdiende punte beroof het. Die eindtelling van 16-6 in die guns van Skuur, maak lg. 'n faktor waarmee sterk rekening gehou moet word en wel in die tweede helfte van die koshuisliga-rugby.

**OVER DE VOOR.**

Kompleks het Saterdag deeglik met Over de Voor kennis gemaak. Over de Voor het maklik met 21-0 gewen. Van aanskoulike spel aan die kant van Over de Voor was daar weldeeglik sprake. Die agttal het alle fasette van die spel op afgeronde wyse oorheers. Die nuwe losskakel Muis van Tonder he 'n gevaarlike agterlyn ten bate van Over de Voor aangewend. Self slaag hy met 'n voortreflike skepskop, en was 'n faktor by die welslae van die gevaarlike individusliste waaruit Over de Voor se driekwarte bestaan. Marius Kruger was op regtervleuel skitterend.

## B.Comm. en Aptekers Gelykop

In 'n harde en spannende rugbywedstryd op Donderdagmiddag 27 Julie het die rugbyspanne van die B.Comm.-studente en Farmaseute met 7-7 gelykop gespeel. Albei spanne het met 'n paar "groot name" op die veld gedraf en die geesdriftige toeskouers het tot aan die einde hulle spanne ondersteun.

Alhoewel die uitslag gelykop was, het die voorspelers van die B.Comm.-span onder leiding van Riaan Lotz, die botoon gevoer in die lynstane (danksy harde werk deur "Tiny" Lubbe) en Thys "Gammat" Pienaar het die haakstryd oorheers.

Maar ten spyte daarvan kon die B.Comm.-agterlyn, wat flink weggestuur is deur Eddie Williams en Piet Lombaard, nie die baie goeie balle benut nie.

Dit was dan ook 'n kenmerk van die wedstryd dat nie een van die agterlyne enige ondernemingsgees en deurdringensvermoë getoon het nie. Ter versagting kan egter aangevoer word dat senter Dries Swanepoel aan B.Comm. kant beseer is en die veld moes verlaat en vleuel Kierie du Toit slegs 'n passasier in die Farmaseute se agterlyn was.

In die losspel het die aspirant-aptekers die oorhand gehad en hier was flank Bertie Marx baie prominent.

## Gholfspelers ding mee

Die Puk gholfspan onder leiding van Robert Schoeman het goed gevaar op die afgelope inter-universitêre toernooi in Kaapstad.

Die Engelse universiteite het weer die beste op die baan vertoon. In die spankompetisie het die Pukke sesde gekom, hulle het 'n oorwinning oor twee ander Universiteite behaal. In die indiwiduele kompetisie het ons ook presteer. Robert Schoeman is gekies as kaptein van die Protea B span.

In die plaaslike gholfliga vaar die Pukke baie goed, hulle is reeds onder die voorlopers. Die Puk kaptein, Robert Schoeman, is ook uitgenooi om aan die Wes-Transvaalse proewe deel te neem.

## Pukke wat presteer

# OLIVER CHRISHOLM

Dit is opmerklik dat as 'n persoon in sport uitblink, dit dikwels nie net in een sportsoort is nie, maar in verskeie. So 'n persoon is die Puk, Oliver Chrisholm. Hy het die aandag getrek toe hy die vakansie die Griekwaland-Wes se hokkiespan gehaal het. Die span neem van 7—12 Aug. aan die Suid-Afrikaanse hokkie toernooi deel.

Oliver is gebore op 30 Maart 1951. Op laerskool het hy aan atletiek en rugby deelgeneem. Op hoërskool begin hy belangstel in krieket en tennis. In 1968 word hy vir die Griekwaland-Wes se skole krieketspan gekies. In 1969 haal hy ook die Griekwaland-Wes skole-tennisspan. Hy werk in 1970 ses maande by die gevangenisdiens en begin daar ook aan gholf deel neem te. Na ses maande was sy voorgee reeds 7 — iets besonders vir so 'n tydperk!

Aan die begin van 1970 skryf hy hom in as student by die Puk. Sy eerste wedstryd wat hy speel is vir die tweede krieketspan van die Puk, daarna vir die eerste span.

Hy speel in 1971 vir die eerste hokkiespan van die Puk.

Oliver was die staatmaker in die 1971/2 krieketseisoen. Hy teken die hoogste telling van 60 lopies aan.

Gedurende die 1972 winterseisoen speel hy vir die Puk se eerste hokkiespan, wat 'n mooi verbetering op verlede jaar se hokkie toernooi getoon het.

Oliver is 'n tweedejaar U.L.O.D.-student. Hy sê dat al die sport partykeer amper te veel word. As hy eendag gedwing word om een sportsoort te kies, dit sekerlik gholf sal wees.

## Ses Seges vir Netbal

Tydens die afgelope S.A.U.-toernooi in Stellenbosch gedurende die Julievakansie het die Netbalklub ses skitterende oorwinnings oor ander universiteite behaal. Hoewel hierdie mooi prestasie nie afgerond kon word met 'n oorwinning oor Ukovs nie, het hierdie klomp asters spel uit die boonste rakke gelewer.

Die volledige uitslae is:

P.U. wen Rhodes 23-4.
P.U. wen U.S. (b) 12-6.
P.U. wen R.A.U. 30-5.
P.U. wen U.P.E. 15-7.
P.U. wen U.P. 18-15.
P.U. wen U.S. (a) 14-13.
P.U. verloor teen Ukovs 11-14.

Vergeleke met 1970 se uitslae het die Pukke vanjaar besonder goed gevaar. In 1970 is hulle geklop deur U.O.V.S., U.P.E. en U.S. Die feit dat hulle vanjaar deur Kovsies geklop is, sit geensins die netbalspeelsters af nie. "Die Intervarsity lê nog voor!" sê hulle.

Stellenbosch was onoorwonne tot en met hulle laaste kragmeting teen die Puk. Die Pukke eindig saam met Ukovs en U.S. eerste.

Tobiana Louw is verkies vir die Protea-span, terwyl Trina Roestorf en Hannie de Kock vir die Protea B-span en Elsa Oosthuizen as reserwe gekies is. Tobiana Louw is ook aangewys as die beste verdedigster op die toernooi, maar staan haar plek aan 'n student af.

Op die Provinsiale toernooi in Port Elizabeth is Tobiana Louw gekies in die Kay Meyer-uitnodigingspan. By hierdie geleentheid het die volgende Pukke Westransvaal verteenwoordig.:

Tobiana Louw, Martie Boshoff, Marlene Strydom, Beatrice Moolman, Vivienne Kruger, Frieda Holsthauzen, Marieta Vorster.

Op die oomblik is die komende Intervarsity die groot inspirasie by oefeninge en word daar hard geoefen om die Kovsies vanjaar op te dreun.

## Muurbal floreer

Gedurende die Julievakansie het die P.U.-muurbalklub aan die inter-universitêre toernooi in Grahamstad deelgeneem. Alhoewel dit die eerste keer is dat die Puk aan die toernooi deelgeneem het, het hulle hulle goed van hulle taak gekwyt.

Die span het sesde geëindig en afgereken met U.O.V.S. en die R.A.U. wat gereeld aan die toernooi deelneem. Die P.U. span kon dalk beter gevaar het indien die spelers meer oefening kon kry. Dit kan net gebeur as die Puk hulle eie bane kon hê.

Die Puk-span het bestaan uit Mike van Zyl )kaptein), John O'Reilly, Smittie Smit, Herman van Niekerk en Jos Welman.

Dit sal jammer wees indien 'n sportsoort wat soveel belangstelling geniet moet doodloop as gevolg van 'n gebrek aan fasiliteite. Die feit dat daar tussen 150 en 200 spelende lede aan die Puk is regverdig die verkryging van bane.

# OP EIE WERF

Die Puk se sportmanne en -vroue het hulle stemme dik gemaak die afgelope vakansie. Orals waar hulle aan toernooie deelgeneem het, het hulle die Puk se naam hoog gehou.

Die Puk se rugbyspan het 'n toer in die Kaap voltooi. Die kenmerk van die wedstryde was die sprankelspel waarmee die Pukke vorendag gekom het. Verskeie Pukspelers het vir Wes-Transvaal diens gedoen gedurende die vakansie. Dries Coetzer en Schalk van der Merwe het ook aan die Gazelproewe deelgeneem. Veral Dries het baie blink spel daar gelewer.

Op die atletiek-gebied het die belowende junior atleet Bernard Rose goed presteer. Hy het vir die S.A. junior landloopspan skitterend gevaar teen senior naellopers oor die hele land.

Die Puk se gholf- en hokkiespanne het ook baie goed gevaar op die onderskeie S.A.U.-toernooie. Ook een van die Puk se nuwe sportklubs, muurbal, het pragtig gevaar op die S.A.U.-toernooi. Waar die koshuisrugby en ander sport op koshuisvlak begin kan ons uitsien na opwindende einde van ons wintersport.

Almal se visier sal seker nou op Intervarsity ingestel wees. Een kenmerk van verlede Saterdag se Koshuisrugby was dat die vakansie baie van die manne se fiksheid geëis het. As hulle teen die Kovsies gaan speel, gaan die hare egter waai. 'n Opvallende verskynsel by koshuisrugby, -netbal en -hokkie is die swak ondersteuning van koshuismaats. Ook waar fakulteite soos Farmasie en B.Comm. teen mekaar gespeel het.

Ek meen die spelers se spel sal tot nog groter hoogtes gevoer word met meer skreeuende en gillende toeskouers langs die veld. Ek glo tog nie die Puk-massa stel so min belang in hulle medestudente se sportprestasies nie.

Die gees vir Intervarsity behoort noual te begin posvat!


**POTCH. SPARES**
(PTY.) LTD.
VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE
FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES
★
Tel. 6077, 4595 Posbus/P.O. Box 260
39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

**LINDEQUE'S** SKOENREPARASIES EN LEERWERKE
Lombardstraat 64, Telefoon 4854.
★
*Spesiale pryse aan Studente.*
★
Depots:
**Bult Droogskoonmakers en Wesvaal Wassery.**


JOUBERT MEUBELS
★
*Kom besoek ons vir*
MEUBELS VAN GEHALTE EN GRAMMOFOONPLATE
Kerkstraat 201 POTCHEFSTROOM Telefoon 3420

U het volop keuse in ons grootverskeidenheid
● HANDBOEKE
● SKRYFBEHOEFTES
● EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG
**PRO REGE-PERS BEPERK**
*„die potchefstroomse boekhandel"*
TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

## NUWE SPRINGBOK



ELIZA DOS SANTOS is beslis 'n aanwins vir die Puk. Sy is maar agtien jaar oud en het die afgelope vakansie Springbokkleure verwerf in Gimnastiek.

Eliza het op Carletonville in 'n Engelse skool gematrikuleer. Sy het met haar gimnastiek in standerd vyf begin en is in 1969 saam met die Administratiewespan oorsee. Daar het sy ook drie Suid-Afrikaanse titels verwerf.

Eliza is tans 'n eerstejaar student van Klawerhof.

# SUKSESVOLLE TOER NA BOLAND

**DIE PUKKE se rugbytoerspan het Maandag van hulle moeilike toer deur die Westelike Provinsie en die Boland teruggekeer. Hulle het vyf wedstryde binne tien dae gespeel waarvan hulle drie gewen en twee verloor het.**

Die studente se rekord sou waarskynlik beter gewees het as hulle op Volle sterkte was. Kaptein Jim van Rensburg, Gerhard Botha, Koos Coetzee, Johan Loubser en Johan Steyn kon nie die toer meemaak nie, Schalk van der Merwe en Andries Coetzer kon as gevolg van die Gaselproewe elk net twee wedstryde speel, Spottie de Waal en John Vermeulen is vroeg op toer sodanig beseer dat hulle nie weer kon speel nie en Schoe Schutte en James Stoffberg het ook met beserings gesukkel.

Op 'n stadium was die Pukke se geledere so uitgedun dat afrigter Christo Holtzhausen self moes inspring en in twee wedstryde gaan heelagter speel.

Die uitslae sal al lankal vergeet wees dan sal daar nog oor die uitstekende spel gepraat word wat al die vedstryde gekenmerk het. Absoluit sprankelende rugby was aan die orde van die dag.

Wanneer uitblinkers uitgesonder moe word is heelagter Schalk van der Merwe met sy briljante spel in die twee wedstryde waaraan hy deelgeneem het heelbo aan die lys. „Die Standard" berig oor sy vertoning teen Worcester onder meer soos volg: „Van der Merwe het skitterend vertoon. Telkens wanneer hy die bal bemeester het het hy soos seep deur die verdediging geglip. Een keer het hy binne sy eie kwartgebied deur die voorspelers gevleg en 'n beweging begin wat op 'n drie uitgeloop het".

Piet Roodt, Neil Cawood, Riaan Lotz en James Stoffberg het ook 'n baie goeie toer agter die rug. Dieselfde kan van Frans Kruger, Capie van der Merwe en Philip Burger gesê word. Louw Coetzee, Anton Lubbe en Gammat Pienaar het mooi ontwikkel.

Met die uitsondering van die wedstryde teen Villagers en Riversdal is die wedstryde onder spreiligte gespeel.

Die wedstryd teen *Worcester* het fantastiese spel aan albei kante opgelewer. Na 80 spannende minute kon die toerspan met 'n telling van 13—11 as oorwinnaars van die veld stap. Spottie de Waal en Piet Brand het drieë gedruk waarvan een deur Piet Roodt vervyf is. Schalk van der Merwe het met 'n strafdoel geslaag.

*Villagers* het heel tereg gewen, maar die Pukke is nie soveel oorskadu soos die uitslag van 34—17 mag aandui nie. Eers toe Spottie de Waal die veld met 'n besering moes verlaat en James Stoffberg na vleuel moes uitskuif het die Kaapse span die oorhand gekry. Twee doele (12 punte) kon verhoed gewees het.

Riaan Lotz, Capie van der Merwe en Hennie van Dyk het gedruk. Philip Burger het 'n straf- en vervyfdoel bygedra.

Teen *Morreesburg* het die Pukke nie veel gesukkel om met 39—10 te seëvier nie. Drieë is deur Capie van der Merwe (2), Frans Kruger (2), James Stoffberg, Eugéne van Wyk en Dries Swanepoel gedruk. Philip Burger het vier keer vervyf en James Stoffberg het 'n strafdoel in punte omskep.

Op *Malmesbury* het die studente nog tot agt minute voor die einde met 9—7 voorgeloop, maar toe speel die Swartlanders die Pukke aan vodde en laat die telling na 21—9 opskiet. Die tuisspan het op tienmanrugby gekonsentreer. Christo Holtzhausen is met hoë skoppe gepeper en in die proses taamlik verniel.

Frans Kruger het 'n pragdrie aangeteken wat deur Philip Burger vervyf is. Burger het ook 'n strafdoel deur die pale gelig.

In die laaste wedstryd kon die Pukke *Riversdal* verder as met 38—14 geklop het, maar tamheid onder die manskappe het begin kop uitsteek ná die strawwe reisplan. Piet Roodt (2), Frans Kruger (2), Schalk van der Merwe, Piet Brand en Caple van der Merwe het drieë gedruk en Schalk van der Merwe en Philip Burger wat ook met twee strafdoele geslaag het, het elk een drie vervyf.

In totaal het die Pukke 116 punte aangeteken teenoor hulle opponente se 90. Philip Burger het die meeste punte aangeteken — 26 met vier strafdoele en sewe vervyfdoele.

Frans Kruger (5) en Caple van der Merwe (4) was die voorste driedrukkers. v



## Kanovaarders vaar goed

In 'n wedvaart gehou op die Pienaarsrivierdam te Pretoria, Saterdag 29 Julie het die Pukke goed gevaar oor die afstand van 13 Km. Saal de Jager het eerste geëindig in die senior afdeling en George Marx was eerste in die junior-afdeling.

Die Pukke het die uitdaging aanvaar om in die toekoms met die Tukkies mee te ding in kanovaart kompetisies.

## Hokkietoernooi in Potchefstroom

Die Pukke was die gashere van die S.A.U. Hokkietoernooi wat op Potchefstroom gedurende die Julie-vakansie plaasgevind het. Dit was 'n baie geslaagde S.A.U.-toernooi en die Pukke het redelik goed gevaar.

Maties 3 Puk 2.
Tukkies 3 Puk 0.
U.P.E. 1 Puk 1.
Rhodes 1 Puk 1.
Natal 3 Puk 1.
Kovsies 3 Puk 2.

Die Pukke het die tweede plek in die B-afdeling behaal en Wits het die hele toernooi gewen.

Ole Chrisholm is verkies vir die Griekwa A-span.

Die organisasie was puik en die toernooi is afgesluit met 'n dinee in die Impala.

Op die onlangse Inter-universitêre toernooi op Potchefstroom het die Puk hokkiedamesspan sesde plek behaal. Hulle het ses wedstryde gespeel waarvan hulle een gewen, twee gelykop en drie verloor, het.

## LANDLOOPSPAN SPOG MET GROOT NAME

Gedurende die afgelope twee landloop seisoene het die landloopklub van die Puk gegroei, sodat daar tereg gesê kan word dat dit die grootste landloopklub in Suid-Afrika is. Dit klink miskien vergesog, maar die prestasies wat deur die Puk-atlete behaal is, bewys hierdie stelling.

Aan die spits van die klub is daar twee Springbok-atlete in die persoon van Fanie van Zyl en Andries Krogman wat met al hulle prestasies op die baan al huishoudelike name geword het. Voeg nou hierby nog die naam van Johan Kruger (wat tweede geëindig het na die Springbok Ferdie le Grange van Stellenbosch op die S.A.U. Kampioenskappe), Piet van der Walt, Danie Gildenhuys (albei lede van die S.A.U.-landloopspan) Dirk Schoeman en Pypies Laubscher.

Ander bekende landlopers in die klub wat onaktief is a.g.v. beserings is Soois Schutte en Sakkie Kirsten.

Gedurende die afgelope seisoen het Bernard Rose die een oorwinning na die ander behaal. Dit was dus geen verrassing toe hy die afgelope vakansie as lid van die Suid-Afrikaanse Junior landloopspan gekies is nie.

'n Voorbeeld van die krag van hierdie klub lê daarin dat agt van die nege atlete wat Wes-Transvaal onlangs op die inter-provinsiale-toernooi teen Noord-Transvaal, Oos-Transvaal en die Vrystaat verteenwoordig het, uit Pukke bestaan het. In die Wes-Transvaalse Juniorspan wat uit ses lede bestaan, kom vier van die Puk.

Vroeg aanstaande jaar vertrek daar 'n Springboklandloopspan oorsee. As huidige prestasies as maatstaf kan die kanse van vyf van die Puk atlete as redelik goed beskou word. Atlete soos Van Zyl, Krogman, Johan Kruger, B. Rose en Dirk Schoeman se prestasies dui daarop dat hulle almal sterk aanspraak maak op insluiting in die span.


MANS EN DAMES!
KLERE-VERSTELLINGS

Ons het nou reeds 5 opgeleide masjiniste om voor te bly, sodat ons vir u vinnige en deeglike diens kan gee.

Laat ons hierdie kruis vir u dra. Bring maar gerus. Ons is al oor en oor getoets en ons kliënte is tevrede.

ESLITA KLERE-VERSTELLERS

Tel. 6775, Potch Pressgebou, Olënlaan 3A, Potchefstroom.



U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Ve soling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuuts e oeste vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)



Vriendelike bediening van 'n mede-Afrikaner by . . .

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
U tevredenheid is ons PLESIER!

*Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings*

TEL. 6670